**September 2017**

**Wêreldekonomie**

Data vir die tweede kwartaal van 2017 bevestig dat wêreldwye groei verbeter het vanweë verbeterde toestande in ontwikkelde ekonomieë en ontluikende markte. Die wêreldwye koopbestuurdersindeks en uitvoerbestelling het in dieselfde kwartaal gegroei, wat op volgehoue positiewe momentum vir vervaardigingsproduksie en handel in die derde kwartaal dui. Markte dink al hoe meer dat daar 'n styging in VS-rentekoerse voor die einde van die jaar gaan wees. Die Verenigde Koninkryk het in Julie 'n voorstel aangekondig dat verkope van nuwe diesel- en petrolmotors teen 2040 ten einde sal loop. Hierdie aankondiging weerspieël een wat vroeër deur die Franse regering gemaak is, met 'n soortgelyke tydlyn en strekking.

**SA Ekonomie**

Suid-Afrika moet sy politieke probleme uitsorteer ten einde stukrag aan strukturele hervorming te gee en ekonomiese groei te ontsluit, het die President van die sentrale bank, Lesetja Kganyago, aan Reuters gesê. Dit is deur Fitch bevestig, wat gesê het dat Suid-Afrika se ekonomiese groei aansienlik belemmer sal word deur toenemende politieke onsekerheid aan die vooraand van die regerende African National Congress se leierskapstryd in Desember. Suid-Afrika se handelsurplus het in Augustus tot R5,94 miljard gedaal van 'n hersiene R9,33 miljard-surplus in Julie, volgens data van die inkomste-agentskap. PPI-inflasie het in Julie tot 4,2% jaar-tot-jaar vanaf 3,6% jaar tot jaar gestyg, hoofsaaklik weens die brandstofpryskomponent. 'n Daling van 34 000 poste is in die tweede kwartaal van 2017 in Suid-Afrika se formele nielandbousektor aangeteken, volgens die Kwartaallikse Indiensnemingsoorsig wat deur Statistieke SA bekendgemaak is. Suid-Afrika se nuwevoertuigverkope het in September 6,3% jaar tot jaar tot 50 322 eenhede gestyg, volgens data van die Departement van Handel en Nywerheid. Die Absa Koopbestuurdersindeks (KBI), wat deur die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) saamgestel is, het in September effens gestyg tot 'n steeds swak vlak van 44,9 vanaf 44 in Augustus. Die kleinhandelsprys van petrol sal in Oktober met 2,1% styg, terwyl die groothandelprys van diesel met 3,6% sal styg, het die Departement van Energiesake gesê.

**Tendense en geleenthede**

- PPI-inflasie sal waarskynlik weer in die vierde kwartaal van 2017 verlangsaam.
- VPI-inflasie sal na verwagting binne die teikengebied bly, wat aan die SARB die ruimte vir 'n verdere rentekoersverlaging gee.
- Daar word verwag dat VS-rentekoerse voor die einde van die jaar sal styg.

*"Do not be embarrassed by your failures, learn from them and start again."– **Richard Branson***

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional